# SPRAAKTERAPIE

## WAT DOEN ONS?

'n Spraakterapeut evalueer en behandel kommunikasie- en voedingsprobleme in kinders en volwassenes.

MASIPHAKAME

## WAT KAN U VAN U KIND OP VERSKILLENDE OUDERDOMME VERWAG?

- **0 - 12 maande -** Maak verskillende klanke of verbind klanke saam (b.v., "*ba*" of "*ma*"). Wys na wat hulle wil hê. Reageer wanneer hulle hul name hoor en soek na die persoon wie hulle geroep het.
- **12 - 18 maande -** Gebruik 12 verskillende woorde (b.v., "*mamma*"). Benoem sekere liggaamsdele (b.v., "*kop*" en "*mond*"). Wys na bekende voorwerpe wanneer hulle gevra word. Volg basiese instruksies (b.v., "*Bring die bakkie*").
- **18 - 24 maande -** Begin om twee verskillende woorde bymekaar te voeg om sinne te vorm (b.v., "*Mamma kom*" of "*Mamma op*"). Sê "*nee*" wanneer hulle nie iets wil hê nie.
- **2 jaar -** Begin om moeiliker woorde te gebruik. Begin om eenvoudige twee-stap instruksies te volg (b.v., "*Gee vir my die bakkie en die lepel*").
- **3 jaar -** Praat in langer sinne (b.v., "*Mamma, ek honger*"). Herken basiese kleure (b.v., "*rooi*", "*blou*", en "*geel*"). Sorteer items in groepe (b.v., "*sit al die lepels bymekaar en sit dan al die bakkies bymekaar*"). Vra "*wie*", "*wat*", en "*waar*" vragies. Begin om kort gesprekke te hê. Wys frustrasie wanneer mense nie verstaan wat hulle sê nie.
- **4 jaar -** Gebruik langer sinne (b.v., "*Mamma, ek wil by maatjie speel*"). Tel tot by vyf en noem meer kleure. Antwoord vrae oor daaglikse aktiwiteite. Vra baie vrae. Beskryf wat hulle gedoen het nadat hulle wakker geword het (b.v., "*Ek het geëet, toe het ek gespeel, en toe...*").
- **5 jaar -** Vertel kort stories. Gebruik vol sinne, en vreemdelinge kan verstaan wat hulle sê.

**Indien jy nie hierdie tekens in jou kind waarneem nie, word 'n besoek aan 'n spraakterapeut aanbeveel.**



## WIE KAN U KONTAK?

- **Universiteit van Fort Hare se Departement van Spraak-Taalterapie** - 060 563 1297
- **Frere Hospitaal se Departement van Spraak-Taalterapie and Oudiologie** - 043 709 2111